Verslag van die **RAAD VAN DIREKTEURE**

vir die jaar geëindig 30 Junie 2022

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

Aard van bedrywighede

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings.

Die groep se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in gesondheidsorg; verbruikersprodukte; finansiële dienste; infrastruktuur; nywerheid en mediabelange.

Resultate

Jaar geëindig	**30 Junie 2022**	30 Junie 2021
Wesensverdienste (R miljoen)	**6 494**	2 885
– per aandeel (sent)	**1 150.6**	510.6
– verwater (sent)	**1 141.4**	508.1
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	**13 139**	3 550
– per aandeel (sent)	**2 327.9**	628.3
– verwater (sent)	**2 312.5**	625.5
Dividende (R miljoen)*	**852**	511
– gewoon – per aandeel (sent)	**150.00**	90.00

* *'n Finale dividend van 100 sent (2021: 60 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Die finale dividend is onderhewig aan dividend-belasting.*

Beleggingsaktiwiteite

Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Mediclinic International plc (Mediclinic)

Op 4 Augustus 2022 het die direksies van Manta Bidco Beperk (Bidco), MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC), Remgro en Mediclinic aangekondig dat hul ooreengekom het oor die terme van die aanbevole kontantaanbod deur Bidco om, buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit, die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic, en dié wat nog uitgereik kan word, te verkry (die Verkryging). Remgro besit tans 328 497 888 Mediclinic-gewone aandele (wat 'n belang van ongeveer 44.6% verteenwoordig). Bidco is 'n nuutgevormde maatskappy wat gesamentlik deur Remgro en MSC besit word.

Ingevolge die Verkryging sal Mediclinic-aandeelhouers 504 pennies per Mediclinic-aandeel (die aanbodprys) ontvang. Die aanbodprys verteenwoordig 'n premie van 35% op die Mediclinic-aandeelprys van 373 pennies op 25 Mei 2022, die dag voor die aanvanklike aanbod. Bidco behou die reg voor om die aanbodprys te verminder met toekomstige Mediclinic-dividende (insluitende die 3 pennies per Mediclinic-aandeel wat op 25 Mei 2022 verklaar en op 26 Augustus 2022 betaal is), uitkerings of ander opbrengste, waar huidige Mediclinic-aandeelhouers die reg behou tot sulke dividende, uitkerings of opbrengste van waarde wat verklaar, gemaak of betaal word.

Remgro, MSC en Bidco het ook 'n inskrywings- en oorgangsooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan Remgro sy bestaande Mediclinic-aandele aan Bidco sal verkoop in ruil vir aandele in Bidco en daarby sal inskryf vir bykomende Bidco-aandele ten bedrae van nagenoeg £201 miljoen (wat 'n bykomende indirekte belang van ongeveer 5.4% in Mediclinic sal verteenwoordig). MSC sal ook vir aandele in Bidco inskryf (wat 'n indirekte belang van 50.0% in Mediclinic sal verteenwoordig). Die aandele-inskrywing in Bidco sal die Verkryging moontlik maak. Bidco se uitgereikte aandelekapitaal sal 50/50 deur Remgro en MSC gehou word. Tans verantwoord Remgro sy belegging in Mediclinic as 'n geëkwiteerde belegging en na die voltooiing van die Verkryging sal hy ook sy 50%-belang in Bidco (wat 'n indirekte belang van 50.0% in Mediclinic is) as 'n geëkwiteerde belegging verantwoord. Die Verkryging is steeds onderhewig aan verskeie opskortende voorwaardes.

Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)

Op 20 September 2021 het RMI sy besluit om sy beleggingsportefeulje te herstruktureer deur die uitkering van al die aandele gehou in sy twee lewensversekering-gefokusde bates, Discovery Beperk (Discovery) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan), aangekondig (die RMI-ontbondeling). Op 8 Desember 2021 het RMI ook die verkoop van sy 30%-belang in Hastings Group Holdings plc (Hastings) vir R14.6 miljard aangekondig.

Die RMI-ontbondeling was gedurende April 2022 afgehandel en Remgro het 51 254 365 Discovery-aandele (7.7%-belang) ontvang, in die verhouding van 10.91799 Discovery-aandele vir elke 100 RMI-aandele gehou, en 122 908 061 Momentum Metropolitan-aandele (8.6%-belang), in die verhouding van 26.18136 Momentum Metropolitan-aandele vir elke 100 RMI-aandele gehou. Die markwaardes van hierdie beleggings op daardie tydstip het onderskeidelik R8 561 miljoen en R2 056 miljoen bedra en beide die beleggings is as finansiële instrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste geklassifiseer. In die toekoms sal slegs dividendinkomste vir hierdie beleggings in die inkomstestaat verantwoord word.

Na afloop van die RMI-ontbondeling en die verkoop van Hastings, bestaan RMI se oorblywende bates hoofsaaklik uit sy 89.1% belegging in OUTsurance Holdings Beperk.

Distell Group Holdings Beperk (Distell)

Op 15 November 2021 het Distell en Heineken International B.V. (Heineken) hul voorneme aangekondig om Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries Beperk, met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy sider-, ander RTDs, asook die spiritualieë en wynbesigheid) te kombineer in 'n nuwe ongenoteerde entiteit, wat deur Heineken beheer sal word en wat na verwys word as Newco. Die voorgestelde transaksie sal die ontbondeling van Distell se ongenoteerde aandeelhouding in die filiaal Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin) insluit, wat Distell se oorblywende bates hou, waaronder sy Skotse whiskybesigheid. Die voorgestelde transaksie sal ook 'n aanbod insluit van Newco aan Distell-aandeelhouers om hul Distell-aandele teen R165 per aandeel te bekom en/of ongenoteerde aandele in Newco, of 'n kombinasie daarvan, en 'n aanbod deur Heineken aan Distell-aandeelhouers om hul Capevin-aandele teen R15 per aandeel te verkry. Die voorgestelde transaksie is op 15 Februarie 2022 deur Distell-aandeelhouers goedgekeur. In September 2022 het die Namibiese mededingingskommissie die transaksie met voorwaardes goedgekeur en die mededingingskommissie van Suid-Afrika het dit, met verskeie gepaardgaande voorwaardes, aan die mededingingstribunaal aanbeveel. Wanneer al die regulatoriese goedkeurings ontvang is, sal aandeelhouers gevra word om 'n keuse uit te oefen.

Remgro is van voorneme om te kies om Newco-aandele vir sy Distell-aandele te ontvang en sal dus na verwagting 'n beduidende aandeelhouer in Newco wees. Daarby is Remgro nie van voorneme om die kontantaanbod te aanvaar wat deur Heineken gemaak gaan word vir die Capevin-aandele wat hy ontvang nie, en sal hy na verwagting 'n beherende belang in Capevin behou.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)

Gedurende Julie 2021 het Remgro, ingevolge 'n regte-uitgifte, vir 67 364 aandele ten bedrae van R2 124 miljoen in CIVH ingeskryf. Die opbrengs van die regte-uitgifte is gebruik om die CIVH-groep se skuld te verminder en verdere groei te fasiliteer. Hierdie aandele-inskrywing, asook 'n terugkoop van aandele om een van die minderhede gedurende die jaar uit te koop, het Remgro se belang in CIVH van 55.2% op 30 Junie 2021 tot 57.0% op 30 Junie 2022 verhoog.

Op 10 November 2021 het Remgro sy aandeelhouers ingelig dat CIVH en Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom) 'n ooreenkoms bereik het ingevolge waarvan Vodacom, deur 'n kombinasie van bates van sowat R4.2 miljard en kontant van minstens R6.0 miljard, 'n belang van tot 40% in die gewone aandele sal verkry van 'n nuutgeskepte volfiliaal van CIVH (naamlik Infraco), wat onder andere CIVH se huidige belange in Vumatel en DFA sal hou. As gevolg van die voorgestelde transaksie sal Remgro se indirekte belang in DFA en Vumatel, vanweë Vodacom se toetrede as aandeelhouer, verwater, maar Remgro sal ook 'n indirekte belang verkry in die bates wat deur Vodacom bygedra word. Die voorgestelde transaksie is steeds onderworpe aan verskeie opskortende voorwaardes, waaronder regulatoriese goedkeuring.

FirstRand Beperk (FirstRand)

Gedurende Junie en Julie 2020 het Remgro nulkosteband (zero cost collar)-transaksies aangegaan om die waarde van 60 000 000 van sy FirstRand-aandele te verskans. Remgro klassifiseer sy belegging in FirstRand as 'n finansiële instrument teen billike waarde deur ander omvattende inkomste. Die 60 000 000 FirstRand-aandele is verskans op 'n 1:1-grondslag en die nulkostebande is erken teen billike waarde, met veranderinge in die billike waarde wat ook in ander omvattende inkomste verantwoord is.

Die nulkosteband-transaksies het in Junie en Julie 2022 uitoefenbaar geraak en Remgro het besluit om die 60 000 000 verskanste FirstRand-aandele te verkoop om sy opsie-verpligtinge af te los. Die netto opbrengs met die verkoop van die 60 000 000 verskanste FirstRand-aandele het R2 997 miljoen ('n bedrag van R49.945 per FirstRand-aandeel) bedra. Remgro het in effek 40 800 000 FirstRand-aandele in Junie 2022 vir R2 038 miljoen verkoop, wat sy belang in FirstRand op 30 Junie 2022 tot 2.5% verminder het (30 Junie 2021: 3.3%), asook 19 200 000 FirstRand-aandele vir R959 miljoen in Julie 2022, wat sy belang verder tot 2.2% laat afneem het.

Die nulkosteband is op 30 Junie 2022 as 'n verpligting van R239 miljoen (2021: R495 miljoen) waardeer.

Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)

Op 25 November 2021 het Remgro ingestem om sy belegging in Grindrod Shipping (ingesluit by die Infrastruktuur kategorie onder Ander infrastruktuurbeleggings) te verkoop. Die belegging, wat voorheen as 'n geëkwiteerde belegging geklassifiseer is, is gevolglik as 'n nie-bedryfsbate gehou vir verkoop, herklassifiseer. Die transaksie is in Januarie 2022 afgehandel en Remgro het sy 4 329 580 Grindrod Shipping-aandele vir 'n bruto opbrengs van R1 191 miljoen verkoop.

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin) ('n volfiliaal van Remgro)

Gedurende Oktober 2021 het Invenfin Investments 2 Eiendoms Beperk ('n filiaal waarin Invenfin 'n 88.7%-belang het) 'n ooreenkoms aangegaan om sy volle belang van 50.5% in Ad Dynamo Eiendoms Beperk (Ad Dynamo) te verkoop. Die totale verkoopsbedrag het R245 miljoen bedra. As een van Afrika se grootste digitale media-verkoopshuise, is Ad Dynamo in vennootskap met verskeie voorste wêreldwye digitale platforms om hul inkomstegroei in Afrika te bewerkstellig.

Gedurende November 2021 het Invenfin 'n derde van sy belegging in Bolt Technology OÜ (Bolt) vir R179 miljoen (of €10 miljoen) verkoop, synde bedrag nagenoeg gelyk is aan Invenfin se totale beleggingskoste in Bolt tot op hede. Bolt is 'n voorste mobiliteits- en afleweringsplatform, met 'n hoofkantoor in Tallinn, Estland, wat regoor Europa en Afrika sake bedryf.

Asia Partners Fondse

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende $9 miljoen in Asia Partners I LP (Asia Partners I) belê en daardeur sy kumulatiewe belegging tot $19 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2022 het die billike waarde van Remgro se belegging in Asia Partners I $24 miljoen en sy oorblywende verpligting $6 miljoen bedra.

In April 2022 het Remgro hom ook verbind om tot $50 miljoen in Asia Partners II LP (Asia Partners II) te belê. Asia Partners II maak private ekwiteits- en private ekwiteitsverwante beleggings in tegnologie- of tegnologie-bemagtigde maatskappye, met die fokus hoofsaaklik op die Suidoos-Asiëstreek. Op 28 April 2022 het Asia Partners II, wat 'n aanvanklike fondsteiken van $600 miljoen gehad het, 'n aanvanklike sluiting van $310 miljoen in bewilligde fondse aangekondig. Sedert 30 Junie 2022 het Remgro $8 miljoen in Asia Partners II belê.

Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R91 miljoen in PRIF belê en uitkerings van R9 miljoen ontvang. Dit het die kumulatiewe belegging tot R577 miljoen en die kumulatiewe uitkerings tot R347 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2022 het die billike waarde van Remgro se belegging in PRIF R615 miljoen en sy oorblywende verpligting R73 miljoen bedra.

Milestone China Fondse

Op 30 Junie 2021 het Remgro se totale belegging in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) $100 miljoen bedra. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro uitkerings ten bedrae van $4 miljoen van Milestone III ontvang, wat die kumulatiewe uitkerings tot $89 miljoen verhoog het. Op 30 Junie 2022 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III $49 miljoen bedra.

Ander

Ander kleiner beleggings het R94 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde

Grindrod Beperk (Grindrod)

Op 26 September 2022 het Remgro die ontbondeling van sy belegging in Grindrod aan sy aandeelhouers as 'n dividend *in specie*, in terme van artikel 46 van die Inkomstebelastingwet, goedgekeur. Die uitkering sal in die verhouding van 30.70841 Grindrod-aandele vir elke 100 Remgro-aandele gehou, geskied. Die verwagte uitkeringsdatum is 17 Oktober 2022.

Buiten bogenoemde gebeure was daar geen ander beduidende gebeure sedert 30 Junie 2022 nie.

Kontantbronne by die kern

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2022 was soos volg:

	30 Junie 2022			30 Junie
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	2021
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**7 929**	**3 955**	**11 884**	8 763
Belegging in geldmarkfondse	**5 700**	**–**	**5 700**	5 010
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(3 833)**	**(1 471)**	**(5 304)**	(4 067)
Kontant by die kern	**9 796**	**2 484**	**12 280**	9 706

Op 30 Junie 2022, was ongeveer 46% (R5 650 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Vir verdere inligting verwys na aantekening 5 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Groep finansiële oorsig

Staat van finansiële stand

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is, maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	30 Junie 2022		30 Junie 2021	
	R miljoen	**R per aandeel**	R miljoen	R per aandeel
Ekwiteit aangewend				
Toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**98 443**	**174.52**	88 059	155.86
Aanwending van ekwiteit				
Gesondheidsorg	**26 681**	**47.30**	24 581	43.51
Verbruikersprodukte	**23 463**	**41.60**	22 066	39.06
Finansiële dienste	**6 500**	**11.52**	11 447	20.26
Infrastruktuur	**8 571**	**15.19**	6 547	11.59
Nywerheid	**5 957**	**10.56**	4 732	8.38
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**5 354**	**9.49**	5 350	9.47
Media	**967**	**1.71**	818	1.45
Portefeuljebeleggings	**14 799**	**26.24**	8 320	14.73
Maatskaplike impakbeleggings	**132**	**0.23**	135	0.24
Sentrale tesourie				
– Kontant by die kern	**12 280**	**21.77**	9 706	17.18
– Skuld by die kern	**(7 838)**	**(13.90)**	(7 821)	(13.84)
Ander netto korporatiewe bates	**1 577**	**2.81**	2 178	3.83
	98 443	**174.52**	88 059	155.86

Inkomstestaat

	30 Junie 2022		30 Junie 2021	
	R miljoen	**%**	R miljoen	%
Bron van wesensverdienste				
Gesondheidsorg	**1 267**	**20**	674	23
Verbruikersprodukte	**1 906**	**29**	1 576	55
Finansiële dienste	**866**	**13**	921	32
Infrastruktuur	**613**	**9**	(376)	(13)
Nywerheid	**1 800**	**28**	1 014	35
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**95**	**1**	(260)	(9)
Media	**178**	**3**	53	2
Portefeuljebeleggings	**444**	**7**	247	9
Maatskaplike impakbeleggings	**(20)**	**–**	(66)	(2)
Sentrale tesourie				
– Finansieringsinkomste	**224**	**3**	212	7
– Finansieringskoste	**(627)**	**(10)**	(861)	(30)
Ander netto korporatiewe koste	**(252)**	**(3)**	(249)	(9)
	6 494	**100**	2 885	100

R miljoen	**30 Junie 2022**	30 Junie 2021
Samestelling van wesensverdienste		
Filiale	**1 697**	812
Winste	**2 385**	1 862
Verliese	**(688)**	(1 050)
Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**4 797**	2 073
Winste	**4 843**	2 780
Verliese	**(46)**	(707)
	6 494	2 885

Aandeleaansporingskemas

Remgro het tans drie langtermynaansporingsplanne, naamlik die ou Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (SAR-skema), die Remgro Aandelegroeiregplan (SAR-plan) en die Remgro Ekwiteitsvereffende Voorwaardelike Aandeleplan (CSP).

Ingevolge die SAR-skema en SAR-plan word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat uitgeoefen kan word binne verskillende intervalle, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is. Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte vestig en uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Ingevolge die CSP ontvang deelnemers Remgro gewone aandele wat soos volg vestig:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Vestiging van beide skemas is voorwaardelik en onderworpe aan die voltooiing van die werknemertydperk en die nakoming van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

Verwys na aantekening 8 by die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir volledige besonderhede van beide skemas.

Tesourie-aandele

Op 30 Junie 2021 is 3 280 163 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-skemas te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 1 000 000 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R136.94 per aandeel aangekoop vir 'n totale bedrag van R137 miljoen, terwyl 74 666 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, te vereffen.

Op 30 Junie 2022 is 4 205 497 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele gehou.

Hoofaandeelhouer

Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.66% (2021: 42.62%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 163 en 164.

Filiale en beleggings

Besonderhede van filiale en geëkwiteerde beleggings word in aantekening 14 van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, uiteengesit.

Direkteure

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 92 tot 95 van die geïntegreerde jaarverslag.

Daar was geen verandering aan die direksie in die jaar onder oorsig nie. Mnr F Robertson is as lid van die beleggingskomitee aangestel, effektief 21 September 2021. Mnr P J Neethling is as alternatiewe lid vir mnr J P Rupert op die beleggingskomitee aangestel, effektief 23 Maart 2022.

Kragtens die bepalings van die akte van oprigting tree me S E N De Bruyn en M Lubbe en mnre P J Moleketi, M Morobe en P J Neethling volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

Belange van direkteure

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy het, in totaal op 30 Junie 2022, 3.33% (2021: 3.33%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rupert Beleggings wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 165.

Direkteursvergoeding

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R6.1 miljoen (2021: R5.7 miljoen) beloop.

Aankoop van aandele van die maatskappy

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaal van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

'n Spesiale besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 166 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

Magtiging om gewone aandele onder beheer van die direkteure te plaas

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om gewone aandele toe te ken en uit te reik, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, die akte van oprigting en die noteringsvereistes van die JSE Beperk, op voorwaarde dat die totale getal aandele toegeken en uitgereik tot 5% van die aantal onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy (naamlik 23 539 150 gewone aandele) beperk word. Die magtiging kan nie aangewend word om aandele vir kontant uit te reik nie.

'n Gewone besluit om hierdie algemene magtiging aan die direksie te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 166 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

Verklaring van kontantdividend

Verklaring van kontantdividend Nr. 44

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 100 sent (2021: 60 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Dividendterughoubelasting van 20% of 20 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 80 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividendterughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 bedra dus 150 sent teenoor 90 sent vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Betaling

Die finale dividend is op Maandag, 14 November 2022, betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 11 November 2022, geregistreer is.

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 9 November 2022, en Vrydag, 11 November 2022, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Sekretaris

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 160 van die geïntegreerde jaarverslag.

Goedkeuring

Die omvattende finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, asook die verkorte finansiële jaarstate op bladsy 146 tot 158 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
26 September 2022